12 September 2021

Gr R tot Gr 3

praktiese wysheid...

Pasop vir jou **tong**?

Jakobus 3:1-12

voorbereiding

Neem saam:

- Vuurhoutjie
- Vere kussing
- Gekleurde papier
- Papier sakkies
- Skere en gom
- Inkleurkryte

bid **tyd**

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

gesels **tyd**

Wie van julle was al by 'n pretpark waar jy op verskillende goed kon ry? Waarop het jy alles gery? Wat was vir jou die lekkerste rit?

Een van die goed wat almal graag wil ry is die "rollercoaster".

Doen die volgende oefening.: Rollercoaster ride:
Pak die stoele in rye agter mekaar om die rollercoaster te vorm. Staan voor die kinders en laat hulle alles saam met jou doen.
Maak eers die veiligheidsgordel vas en maak seker alles is mooi vas. Dis net denkbeeldig maar maak of jy alles vasmaak en in klik.
Trek nou weg – tik tik tik voorentoe. Hou almal julle hande in die lug om momentum te gee en maak 'n draai na links en dan na regs en lê na die kante toe, dan op en lê agteroor en dan voorentoe en laat hulle vooroor lê. Vinniger en stadiger. Speel solank as wat nodig is en terwyl almal dit geniet. Jy kan ook verskillende kinders in die klas die geleentheid te gee om die rollercoaster te bestuur en voor te staan en te wys hoe hulle moet ry.

Het julle dit geniet?

Wanneer ons in 'n kar ry sit almal tog binne in die kar, en jy draai net die stuurwiel binne in die kar en die hele kar draai in die rigting waarin jy dit draai. Jy kan nou dink, ja maar dit is omdat dit wiele het, maar wat van 'n boot. Die kaptein staan op die dek van die boot en draai die stuur en die hele boot draai. Ons gaan vandag ook kyk na wat die mense se stuurwiel is. Maar voor ons dit doen wil ek eers gou hoor, wie van julle sal sê julle is gehoorsaam aan mamma en pappa? Wat betekend dit om gehoorsaam te wees? En wat gebeur as ek ongehoorsaam is? *Gee geleentheid vir die kinders om te praat oor gehoorsaamheid.*

gesels **tyd** (vervolg)

Wanneer ons gehoorsaam is, beteken dit ons luister wat mamma en pappa vir ons vra en ons doen soos hulle verlang. As ons gehoorsaam is, dan kom ons ook nie in die moeilikheid of in gevaar nie. Mamma en pappa gee reels wat ons moet gehoorsaam omdat hulle weet dit sal vir ons goed wees om die reels te gehoorsaam.

Noem 'n paar reels wat julle in die huis het, soos byvoorbeeld, om jou bed self op te maak, of om nie in die kombuis te hardloop nie, want jy kan iets omstamp.

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Liedjie: Dit borrel in my
Dit borrel in my want ek is so bly,
Jesus het my lief.
Vir my't Hy gesterf en gered van verderf
Ja, Jesus het my lief

Dit borrel in my want ek is so bly,
Jesus maak my lewe vry.
Hy neem weg my sondeskuld,
dit borrel, dit borrel, dit borrel, dit borrel,
dit borrel, dit borrel in my, in my.
Dit borrel, dit borrel, dit borrel, dit borrel,
dit borrel, dit borrel in my.

Liedjie: Oppas ogies
Oppas ogies oppas ogies wat jul sien (x2)
In die Hemel is die Heer
Kyk in liefde op ons neer
Oppas ogies oppas ogies wat jul sien

Oppas mondjie oppas mondjie wat jy sê (x2)
In die Hemel is die heer
Kyk in liefde op ons neer
Oppas mondjie oppas mondjie wat jy sê

BYBEL tyd

Ons leer uit die boek van Jakobus, agter in die Nuwe Testament ook hoe om reg te lewe. Jakobus praat met die mense om vir hulle te vertel hoe ons lewens anders moet lyk nadat ons Jesus in ons hartjies ingenooi het en sê dat ons aan Hom behoort. Want sien, wanneer ons Jesus aangeneem het, dan weet ons ons kan onsself nie red nie, maar aanvaar dat Jesus in my plek aan die kruis doodgegaan het vir al my sonde. En uit dankbaarheid daarvoor moet ons nou Jesus se reels gehoorsaam.

En die belangrikste reel is om vir God lief te wees en vir jou naaste soos jouself. Dit beteken ook dat jy mooi sal wees met maats. Dat jy die waarheid sal praat en nie jok nie. Om mooi goed van ander te sê en nie lelik te praat om iemand sleg te maak sodat jy beter kan lyk nie. Daarom praat Jakobus hier in Hoofstuk 3 van die boek Jakobus oor die tong, want ons het ons tonge nodig om mee te praat. Kom ons luister wat hy alles van die tong sê.
Lees vir die kinders voor uit Jakobus 3:1-12

Hou gou jou tong vas en probeer praat? Kry jy dit reg? Dit sukkel want ‘n mens het jou tong nodig om te praat.

Trek ‘n vuurhoutjie. Sien julle hierdie klein vlammetjie? Hierdie klein vlammetjie lyk dalk onskuldig, maar as hy ‘n vuur aansteek kan dit ‘n hele bos aansteek en afbrand en baie skade maak. Daarom sê mamma en pappa altyd dat ons nie met vuur moet speel nie. Net so moet ons ook nie lelike goed praat of dinge wat nie die waarheid is oor iemand sê nie, want dit kan groot moeilikheid maak.

Neem ‘n vere kussing en voel hoe die vere los daarin is. Neem een veer en blaas dit van jou hand af. Neem nou meer vere en blaas dit. Elkeen sal in sy eie rigting waai.

Wanneer ons ‘n onwaar storie oor ‘n maatjie vertel of ‘n leuen, is dit soos om die verekussing te vat en dit uit te skud in ‘n sterk wind. Wat sal met die vere gebeur? Elkeen sal waai net waar dit wil. Wanneer ek vir jou ‘n leun oor Piet of San vertel, kan jy dit weer vir iemand anders vertel en hulle vertel dit weer oor en voor ons ons kom kry, waai die storie oral rond. En wanneer ek wil jammer sê en sê maar dit is nie die waarheid nie, dan weet ek nie waar die storie al oral vertel is nie, en dan is dit soos die vere wat uitgeskud is, jy sal hulle nooit weer almal bymekaar kan maak nie.

Ons moet daarom versigtig wees met wat ons ook ander vertel of praat.

Wanneer Jesus in ons bly, moet ons monde van liefde praat en moet alles wat ons sê en doen, kan wys dat ons vir Jesus lief het en Hom wil eer met ons lewe.

doen & leer tyd

<u>Maak handpoppies</u>

Deel vir die kinders papier uit en maak handpoppies soos op volgende blad. Laat hulle vir elke poppie ‘n tong maak met ‘n hartjie wat bo-op geplak word. Wanneer die poppie se mond oopgaan en die tong uitkom, moet jy die hartjie sien.

Die poppie moet ons herinner dat ons woorde wat uit ons mond kom, woorde van liefde moet wees.

Moedig die kinders aan om te gaan vertel wat hulle vandag geleer het.

groet tyd

Dankie Jesus dat U liefde in my is. Help my dat die woorde wat uit my mond kom, ook woorde van liefde sal wees.
Amen



Vou ‘n handpop.

Gebruik papier of papier sakkies en maak verskillende handpoppe soos die voorbeelde.

Plak ‘n tong in die mondjie en teken ‘n hartjie op die tong wat jou herinner dat al jou woord moet woorde van liefde wees.